

2 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:3; Deuteronomium 5:7 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Heidelbergse Kategismus 34:94, 95**

### **Die Eerste Gebod**

Dit is duidelik hoekom hierdie gebod, wat handel oor: “Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie”, eerste in die Tien Gebooie geplaas is. Dit neem só ’n sentrale posisie in die Wet asook in ons hele godsdiens in dat dit as die belangrikste van al die gebooie beskou kan word. As die eerste gebod wegval, verloor al die ander gebooie hulle waarde. Dit beteken ook dat as die ander gebooie oortree word, daar nie genoeg erns gemaak word met die eerste gebod nie. Die Here onse God is immers ’n Enige God.

Die uniekheid van die Here onse God as ’n enige God is op verskeie wyses in die geskiedenis deur God bevestig. Hy het sy volk Israel op ’n uitsonderlike wyse uit Egipte verlos en deur die woestyn tot in die beloofde land gelei. Later het die Here sy volk ook op ’n unieke wyse uit die ballingskap van Babel deur die sending van Kores verlos. Ons moet ook God ken en dien as die enige God, want ook aan ons is die bewys gelewer dat Hy God is en dat daar buiten Hom geen ander God is nie. Ons is op ’n wonderlike en unieke wyse uit die ballingskap en die slawerny van die sonde verlos. Die Knecht van God wat ons daaruit gelei het, was God se Eniggebore Seun, Jesus Christus.

Die hele saak word nog duideliker as in gedagte gehou word dat die verhouding tussen God en sy volk in die Bybel vergelyk word met ’n liefdesverhouding of ’n huweliksverhouding waarin God die man en die kerk sy vrou is. Dit beteken dat enige diens aan ’n ander god as owerspel beskou moet word.

Hoor u? God sê: Ek het jou lief. Ek het jou uitgelei uit die slawehuis van die sonde – dit was die bewys van my liefde. Jy moet nou vir My liefhê, daarom verwag Ek dat jy My eerstens reg sal ken, want onbekend maak onbemind. Maak erns met jou Bybellees en Bybelstudie. Verder dat jy My volkome sal vertrou en jou in alle ootmoed voor My alleen sal onderwerp.

Sing: Psalm 18:13, 14 (Totius)

Ds. SA Cilliers (Waterberg)